education

DEPARTMENT: EDUCATION
MPUMALANGA PROVINCE

EHLANZENI STREEK

Junie 2015

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL – VRAESTEL 3

PUNTE : 100

TYD : 2½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele tekste	(30)
AFDELING C:	Korter teks:	
	Naslaan-, Informatiewe en Transaksionele tekste	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Dui alle beplanning duidelik aan. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Skryf die vraagnommer en die onderwerp neer. Formuleer jou eie titel as jy oor 'n prent in VRAAG 1.6 skryf.

9. LET WEL: Jy moenie die titel in aanmerking neem as jy die woorde tel nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf ’n opstel van **250 – 300 woorde** daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1 Dit het my lewe verander… [50]

1.2 Suid-Afrika – die enigste land vir my. [50]

1.3 My skoolloopbaan is amper verby …. [50]

1.4 My verkeerde keuses. [50]

1.5 Sport se rol in skole… [50]

1.6 **Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf ‘n opstel daaroor. Gee vir jou skryfstuk ‘n titel.**

LET WEL: Daar moet ‘n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1.

[50]

1.6.2

[50]

1.6.3

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

- Kies EEN vraag en **skryf 120 - 150 woorde** oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

2.1 AANSOEK OM 'N BETREKKING

Jy het die volgende advertensie in die koerant gelees en wil graag aansoek doen vir hierdie werk.

KELNER OF KELNERIN

Die pos is vanaf 01/07/2015 by *Silwer Wolk Spur* beskikbaar.

Vereistes:

- Harde werker
- Goeie kommuikasievermoëns
- Lief vir mense
- Eie vervoer

Pos jou aansoekbrief aan:

Die Bestuurder
Silwer Wolk Spur
Posbus 498
Durban
4000

Skryf 'n **formele brief** en doen aansoek vir hierdie pos. **[30]**

OF

2.2 DIALOOG

'n Leerder in jou skool wat 'n belangrike rol in jou lewe gespeel het, is oorlede. Jy wil graag vir sy ouers vertel hoe jammer oor sy/haar afsterwe is en wat hy/sy vir jou beteken het.

Skryf die gesprek wat jy met sy ma/pa gehad het, in **DIALOOG VORM** neer. **[30]**

OF

2.3 **TOESPRAAK**

Jy is die kaptein van ‘n sportspan. Jy moet jou span voor ‘n belangrike wedstryd motiveer.

Skryf jou **toespraak** neer. **[30]**

OF

2.4 **RESENSIE**

Jy en jou gesin het ’n nuwe eetplek besoek.

Skryf ’n **RESENSIE** vir ’n koerant oor die eetplek waarin jy die eetplek aanbeveel of nie. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 3

- Kies **EEN vraag** en skryf **80 - 100 woorde** oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 POSKAART

Jy bevind jou by jou droomvakansiebestemming. Stuur 'n poskaart aan jou maat waarin jy die plek beskryf en wens dat hy/sy ook daar kon wees. Onthou om ruim van jou sintuie gebruik te maak.

Teken die poskaart oor in jou ANTWOORDEBOEK.

[20]

OF

3.2 ADVERTENSIE

Julle skool bied 'n braaidag aan om fondse in te samel. Julle wil graag die mense van julle dorp uitnooi om daaraan deel te neem.

Skryf 'n **advertensie** om die braaidag te adverteer.

[20]

OF

3.3 **INSTRUKSIES**

Tyd staan nie stil nie.'n Afrikaanse sanger, L ucas Maree, sing die volgende woorde in sy liedjie, "Kiekies" (foto's):

> *"Van my kiekies is bewyse van die feit dat ek daar was. 'n Prentjie-kommentaar van my bestaan."*

Iemand anders het gesê:

> *"'n Mens is eers oud as spyt die plek van drome inneem."*

'n Mens moet ten minste vyf baie spesiale dinge in jou lewe doen/sien voordat jy te oud word.

- Teken die volgende tabel oor in jou ANTWOORDEBOEK.
- Skryf in KOLOM A VYF instruksies neer van die baie spesiale dinge wat jy moet doen/sien voordat jy te oud is.
- Skryf in KOLOM B telkens die motivering neer vir ELKE instruksie in KOLOM A (in 'n volsin).

Kolom A: Instruksies	**Kolom B: Motivering**
3.3.1	a.
3.3.2	b.
3.3.3	c.
3.3.4	d.
3.3.5	e.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100